

Maandag

Rom. 3: 7 – 22; 5: 21– 6: 15. Teks: Rom 6: 11 “So moet julle dan julleself beskou as dood vir die sonde, maar in Christus lewend vir God.” Tema: 'Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie.' Ons as gelowiges is elke dag besig met twee soorte bekerings, net soos die aarde twee soorte draaie om die son maak, een om die son en een om sy eie as. In Rom. 6: 1–11 wys Paulus hoe ons geloof in Christus ons bekering is in God se GENADE EN LIEFDE in; en in verse 12 – 23 wys hy die bekering waardeur ONS volgens God se WIL leef. Paulus wys op hierdie twee soorte bekerings van gelowiges as antwoord op die beskuldiging (van sekere van Paulus se opponente / aanklaers) dat Christus se genade maak dat gelowiges onbekeerdheid en godloos in hul sonde volhard. (6: 1 en 15) Die beskuldiging (deur die aanklaers) is teen Christus self gerig: Hý maak dat mense onbekeerd en godloos leef om meer en meer genade te kry. Daarom (volgens die aanklaers) glo mense in Hom sodat hulle godloos kan bly leef. Díe mense wat vir Paulus en die gelowiges as onbekeerdes en godloses beskuldig is hulle wat volgens Rom. 6: 6 “onder die wet” is. Paulus en die gelowiges se aanklaers is volgens Rom. 2: 17 -22 die Jode, en saam met hulle ALLE geestelikes wat glo dat die Tien Gebooie die samevatting van alle kennis en waarheid oor God is. Hierdie mense glo omdat hulle bekeer soos mense onder die wet bekeer, is hulle geestelike kundiges, gidse, leermeesters, onderwysers en die lig wat ander mense tot bekering moet bring. Dit is vandag nog die permanente en aanhoudende beskuldiging teen gelowiges deur sulke geestelikes: “julle geloof in Christus maak julle onbekeerde godlose mense!” Paulus verdedig die Here Jesus teen hierdie beskuldiging deur te wys hoe ons GELOOF ons bekering tot God se liefde is (Rom. 6: 1-11) en hoe ons UIT ONS GELOOF ons na God se wil bekeer. (Rom. 6: 12 -22) Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Rom. 3: 7 – 22; 5: 21: – 6: 15. Teks 6:11: “So moet julle dan julleself beskou as dood vir die sonde, maar in Christus lewend vir God.” Tema: 'Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie.' Die beskuldiging teen Christus dat sy genade mense onbekeerde goddeloses maak, wys dat geestelikes en gelowiges in twee verskillende wêrelde leef. Paulus wys in Rom. 6:15 dat GEESTELIKES leef onder die wet en GELOWIGES leef onder die genade! Dit is soos met die verskil tussen straatkinders en huiskinders! Straatkinders en huiskinders leef in verskillende wêrelde. Daarom sal hulle mekaar nooit kan verstaan nie. 'n Straatkind is 'n ouerlose kind! 'n Kind sonder die teenwoordigheid, sorg en liefde van eie ouers of kinders wie se ouers vir hulle afwesige ouers is. Sulke kinders gaan lê op straat rond. Mense wie Godloos is, is soos straatkinders wat “onder die wet staan”. Dit is soos kinders wat regeer moet word deur die polisie, die maatskaplike werkers, sielkundige, onderwysers en die howe want hulle ouers kyk nie na hulle nie. Bogenoemde mense word nou vir straatkinders ouerfigure! Dit is vriendelike polisiemanne, sagte maatskaplike werkers, begripvolle onderwysers en regters wat nie wil straf nie maar eerder met

kinderhuise straatkinders kanse op die lewe wil gee. Straatkinders leef onder die toesig van die wet deur ouerfigure, sonder regte ouers! Hierdie ouerfigure glo hulle help straatkinders as leermeesters en onderwysers: hulle leer straatkinders om volgens die wet iets van jouself te maak en jou lewe te verander. Christus het nie gekom om God in die lewe van godlose mense te verteenwoordig as gids, leermeester en onderwyser nie. Hy het gekom om sondaars in Hom in te lyf, (Rom. 6:5) om as God met sy kinders “onder” sy “huis se dak”, sy genade, te leef. (Rom. 6:11) Christus is God met ons, daarom leef ons met God. Christus is nie ’n goddelike vaderfiguur vir godlose straatkinders nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Rom. 3: 7 – 22; 5: 21: – 6: 15. Teks 6:11: “So moet julle dan julleself beskou as dood vir die sonde, maar in Christus lewend vir God.” Tema: 'Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie.' Christus het gladnie gekom om vir ons ’n geestelike gids, leermeester of onderwyser te word wat net ’n “vaderfiguur”, dit is ’n verteenwoordiger van God, is nie. Hy het gekom om ons in Homself in te lyf in wie Hy as Here is! Dit beteken om ons in te sluit om regtig deel te wees van wie Jesus is en wat Hy doen! In verse 1 tot 10 verduidelik Paulus wat het Jesus gedoen en wie is Hy vandag. Jesus het vir ons sondes gesterf, eens en vir altyd. (6: 10) Dit beteken dat Jesus alle sondes wat ons doen, en alle skuld wat ons kry vir die sondes wat ons doen, met sy dood eens en vir altyd weggeneem het. Jesus is ook vandag ’n mens van vleis en bloed wat vir God die Vader reg en heilig leef volgens vers 10. Inlyf beteken dat God deur sy goddelike krag en mag ons insluit in wie Jesus as mens is en wat Jesus vir ons gedoen het. (6: 4) Deur hierdie inlywing deel ons alles wie Hy as mens is as ons eie! Daarom is ons werklik vir God altyd regverdig, sonder sondeskuld en heilig in ons lewe en liefde vir God. Inlywing (nie lessies of gidsaanwysings nie) VERANDER ons lewenswyse! Inlywing maak ’n einde aan die lewenswyse om ’n slaaf van sonde te wees en maak jou lewend om as kind van God vir God te leef. Dit is om van ’n straatkind onder ouersfigure te verander na ’n kind van God die Vader. Hy is werklik God met ons in sy liefde en nie net vir ons ’n vaderfiguur van God se liefde nie. Dit is wat God se genade en liefde inhou: Hy lyf ons in Christus in sodat ons vir altyd as sy onskuldige, regverdige en heilige kinders kan leef – met Hom wat God met ons is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag

Rom. 3: 7 – 22; 5: 21: – 6: 15. Teks: 6:11 “So moet julle dan julleself beskou as dood vir die sonde, maar in Christus lewend vir God.” Tema: 'Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie.' Die oproep tot geloof in Rom 6:1 is om jouself dood vir sonde en lewend vir God te beskou. Dit beteken jy mag jouself nooit sien as ’n ouerlose straatkind nie, maar ’n kind wat in die liefde van sy ouers leef. Só aanvaar jy jou inlywing. Dit is hoe ons GELOOF in Jesus Christus ons BEKERING tot God is! Geloof beteken ek vertrou

die Here dat Hy my nie 'n straatkind laat wees onder die wet en toesighouers volgens die wet nie, en my ingelyf het in Homself om saam met Hom te leef as kind van God. God kan só nooit vir ons 'n afwesige God of net 'n goddelike figuur wees nie. Daarom roep Paulus in Rom. 6: 3 en 4 ons op om ons doop te glo. Die doop wys jou dat jy kan en moet glo jy kan, en kon nooit 'n straatkind gewees het nie, want jy is huiskind gemaak deur jou inlywing met Christus. Hierdie bekering, jou vertrou in Christus, hou jou van die strate af. Jou vertrou in Christus maak jou dood vir die valse opvatting "my sondes dryf my uit die huis strate toe!" Jou vertrou in Jesus Christus keer jou elke keer in die lewe met God in, waar jy weet jy is vir God sy regverdige, onskuldige en heilige kind! Ons sondes kan ons nooit uitdryf uit God se genade asof ons godloos is nie. Elke gelowige is elke dag met hierdie bekering, die groot draai om die son, Jesus Christus, besig. "Ek is dood vir die sonde", is hoe ek myself wegkeer om straatkind te wees: ek is die Here se kind en ek kan nie strate toe oor my oortredings nie! Ek kan myself nooit godloos sien omdat of wanneer ek sonde doen nie. "Ek leef vir God", is die vertrou waarin ek my weer tot Christus toekeer: my liefde, toewyding en gehoorsaamheid (mét al my foute en onvolkomenhede!) is vir God heilig omdat ek sy kind is! Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Rom. 3: 7 – 22; 5: 21: – 6: 15. Teks 6:11 "So moet julle dan julleself beskou as dood vir die sonde, maar in Christus lewend vir God." Tema: 'Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie.' Geestelikes, soos die Jode, beskuldig gelowiges dat hul geloofstoekeer tot Christus en wegkeer van 'n straatkind bestaan, is nie bekering is nie, maar net 'n manier om godloos onbekeerd te leef. Hoekom? Want hulle wil dat mense tot hulle as hul geestelike gidse, leermeesters en onderwysers sal toekeer, en nie tot Christus as Here nie! Hulle wil geestelike vaders wees vir godlose mense. Daarteenoor lyf Christus ons in Hom in om nóóit godloos te kan wees nie. Die woede en beskuldiging deur Paulus se aanklaers dat die gelowiges bekeringloos is (in Rom. 6: 1 en 15), is teen Christus self en nie soseer teen lidmate nie. Rom. 6:14. Dit is soos polisiemanne, sielkundiges, maatskaplike werkers en pastore wat hul self sien as die hulp en krag van straatkinders, maar dan kom 'n liefdevolle ouer en maak hierdie straatkind hul eie kind. Dit wat polisiemanne, sielkundiges, maatskaplike werkers en pastore met straatkinders wou doen kan hulle nie meer doen nie. Hulle wou die straatkinders onder hulle beheer hou. Maar Christus se inlywing maak dat sondaars hul geestelike betekenis vir geestelike voogde verloor! Dit is die eintlike rede vir die aanklaers se beskuldiging dat jou bekering tot die Here jou onbekeerd maak: die aanklaers se "bekering" is juis om mense uit Christus se genade weg te keer sodat die aanklaers weer mense se geestelike vaderfigure en leermeesters kan word. Volgens die aanklaers moet jy wie reeds in Christus ingelyf is, jouself eers vir hulle godloos en onbekeerd verklaar voor jy tot (hulle) bekering kan kom. Jy mag jouself nie as dood vir sonde en lewend vir God reken nie. Jy moet eers ongelowig word om bekeerd te kan leef! Dit is soos kinders wat reeds liefdevolle ouers het, hulle hulself

ouerloos moet verklaar om die liefde van geestelike ooms en tannies te kan kry!
DAAROM VERWERP GELOWIGES HIERDIE VALSE BESKULDIGING VAN DIE
AANKLAERS DAT CHRISTUS SE GENADE MENS ONBEKEERD MAAK . Preek
beskikbaar op google by ngkekrlevubu.co.za Ds. Petrus.